

Die Donker Soutpansberg

deur

MEV. DOROTHEA MÖLLER-MALAN

(Vervolg.)

Generaal Piet Joubert terug van die Buiteland

MET sy terugkeer het berigte van die doen en late van Makhado al gou die generaal bereik. Hy was oortuig dat Makhado en Malaboch die Modjadji-groepe teen die blankes aanhits. Teen die einde van 1893 skryf hy aan eerw. Wessmann van Sibase: „Geagte vriend, ek versoek u om ingeslote brief aan Makhado te gaan voorlees in sy hoofstat. Lees dit drie keer aan hom voor sodat daar geen misverstand omtrent die inhoud kan bestaan nie, want dit moet hy nou weet: Ek sal nie weer aan hom skrywe nie.”

Die eerwaarde stuur toe 'n boodskap met Moses, een van sy getroue evangeliste en 'n familielid van die kaptein, om verlof te vra om hom te kom besoek. „Sê vir die Moruti as sy koms vriendskaplik is, is hy baie welkom. Maar as dit iets te doen het met Jambere, dan is ek siek en nie lus vir 'n boodskap van hom nie.”

Wessmann het nie op hom laat wag nie. Toe hy en Moses by die hoofstat aankom, vind hy Makhado met een van sy kleinere indoenas en 'n menigte klein beeswagttertjies wat Makhado met groot gebaar aan hom voorstel as sy raadslede — 'n koelbloedige belediging waarmee hy te kenne wou gee: Dis manne van gelyke verstand as jy en jou regering.

Toe die eerwaarde die brief begin voorlees, druk Makhado sy ore toe. „Moenie met my praat in daardie taal nie. Gebruik my eie taal!” Tog het hy na die hoofpunte geluister: „(1) Moenie luister na vreemde opstokers met allerhande beloftes wat hulle nie kan nakom nie. (2) Ek nooi jou uit op 'n besoek na Pretoria waar ons ons geskille kan bespreek. (3) As Makhado nie self kan kom nie, sal generaal Joubert na Soutpansberg kom, al is hy nie meer so jonk nie en die afstand ver. Jou toegeneë vriend”.

„My vriend! Van wanneer af is hy my vriend? Hy sal nie 'n oomblik aarsel om my strot af te sny nie, as hy maar net die geleentheid daartoe kry!” het Makhado uitgeroep. Die brief is verder bespot totdat selfs Moses dit nie meer kon uithou nie en voorstel dat hulle ry.

Die indoena het geskrik. Hulle het te ver gegaan. Die besoekers het nog nie eens iets te ete ontvang nie. So iets is ondenkbaar. Maar die eerwaarde en Moses het geweier om te bly vir ete.

Vir generaal Joubert was dit 'n bewys dat die tyd aangebreek het om handelend op te tree. April 1894 ontvang hy dan ook opdrag van die Staatssekretaris om te sorg vir die veiligheid van persone en eiendomme in Soutpansberg. Die eerste was die afbakening van grond vir Malaboch by

Blouberg wat gepaard sou gaan met die eerste groot insameling van opgaaf. Kommandant Barend Vorster met vyftig vrywilligers neem toe die Bakenkommissie onder sy beskerming waar hulle kamp opslaan aan die voet van die berg.

Malaboch, 'n lang skraal pikswart naturel van om en by die veertig, het nydig terug gesnou: „Ek is niks aan julle verskuldig nie! Buitendien hét ek reeds opgaaf betaal!” en op hulle begin skiet.

Kommandant Vorster het terug getrek na Skanskoppie, ses myl van die latere Bochem en die saak gerapporteer. Al wat hulle kon dink was dat daar meer waarheid steek in die stories van „captain” (Boelala) Taylor as wat hulle aanvanklik wou glo en dat Malaboch reeds aan hom opgaaf betaal het.

Luitenant-kolonel Pretorius word aangesê om die burgers oor die hele Transvaal op te roep. Ook word daar pad gemaak vanaf Pietersburg na Blouberg. Teen die einde van Junie was die generaal self gereed om na Soutpansberg te trek, vergesel van mnr. Leo Weinthal, Redakteur van die „Press” in Pretoria, wat die toestande aldaar graag vir sy lesers wou beskrywe.

Te Fort Hendriena aangekom was die generaal se eerste moeilikheid om 'n tolk te vind. Fitzgerald, die vriend van Makhado wou hom nie inlaat met die saak nie. Eindelik het mnr. Gill, 'n winkelier by Kommandoboom — waar Shepstone destyds nog die kapteins ontmoet het — aangebied om saam te gaan as tolk.

Dit was egter alles moeite tevergeefs. Skaars was die ekspedisie — heeltetal vriendskaplik van aard — deur die drif van die Doornrivier regoor die uitkykkoppie van Manavhele, of hulle word voorgekeer deur 'n impi van Makhado: „Julle sal nie 'n tree verder gaan nie! Dis Makhado se bevel.” Hiermee was sy lot beslis.

By die Fort was almal vuur en vlam om dadelik teen hom op te trek. „Nee wag. Om hom met 'n handjievool aan te val is selfmoord. Ons moet liever probeer om die saak op 'n vreedsame manier op te los,” vermaan die generaal. Baie het hom reeds hierdie versigtigheid begin verwyf.

Onverrigter sake is die generaal weer terug na Pietersburg waar hy van Malaboch se opstandigheid verneem. Sy vrou, tant Hendriena het reeds saam met die Artilleriste en hul huisgesinne in die kamp naby Bochem vir hom gewag. (Wanneer hulle na verwagting lank op kommando sou wees, kon die offisiere hul huisgesinne saamneem, aangesien hulle nie soos die manskappe elke drie maande afgelos is nie.) Op Pietersburg het 'n twintigtal jongmanne gewag om op te tree as die generaal se eskort. Weens hul jeugdigheid is hulle die „Nat-kommando” genoem — glo nog nat agter die ore, of so iets. Onder hulle het jongmanne soos Danie Theron en Piet Möller hulle bevind.

Terwyl die generaal die gevegte so lank moontlik uitstel, kom Leo Weinthal weer verlof vra om persoonlik na Makhado te gaan. „Die Cooksleys (eienaar van kantien en winkel naby Fort Hendriena) het my genooi om hulle te kom besoek en bes moontlik kan hulle vir my 'n besoek aan Makhado reël vir my blad. Op hierdie manier kom u dalk ook iets te hore.”

Dit was nie moeilik om so 'n vriendskaplike besoek te reël nie. „Maar

waarom weier jy nou eintlik om die gesag van die Republiek te erken?" vra die Redakteur aan Makhado.

„Ek weier nie om die Republiek te erken nie. Op hierdie huidige oomblik is ek besig om opgaaf in te samel by my mense. Ek wil die opgaaf egter nie aan die Majerman (Kaptein Schiel) oorhandig nie, maar direk aan Paul.”

„Sal jy selfs gewillig wees om generaal Joubert te help met manskappe teen Malaboch as hy jou daarom vra?”

Nou was die antwoord minder spontaan: „Ja . . . as Paul my daarom vra. Maar ek sal niemand anders se gesag erken nie.”

„Sal jy gewillig wees om die nodige hulp te verleen aan die Bakenkommis­sie wanneer hulle hierheen kom?”

„Ek sal natuurlik nie genoeë neem met so iets nie, net so min as al die ander. Maar dis moeilik om noual te sê. Ek dink ons kan maar wag om te sien wat die tyd ons leer.”

„Is dit waar dat jy hulp aanvaar het van die Engelse regering?” Makhado het groot geskrik — hoe weet die witmense altyd alles.

„Dink jy ek sal moeite doen om opgaaf in te vorder vir Paul as dit die geval was?” Op daardie oomblik was sy tweede seun, Sinthumulo na Rhodesië om mielies te verhandel vir ’n kanon.

Die volgende vraag is ’n kolskoot: „Is dit waar dat jy ’n groot impi na Malaboch gestuur het om hom teen die regering te help?”

„As Malaboch hom opstandig wil hou moet hy sy eie straf ondergaan!” In werklikheid het hy ’n groot impi gestuur maar nou dat die witmense dit vermoed, haastig ’n boodskap agterna gestuur om die impi terug te roep. Vreemd genoeg vertel een van die Gazalandtrekkers, dat hulle hierdie einste impi van Makhado teen gekom het.

„Veronderstel dat die Republiek met wapengeweld teen jou optrek om jou tot onderhorigheid te dwing, wat sal jy doen?” „Ek kan maar net sê dat ek niks anders as vriendskap vir Paul koester nie. Dat ek nie oorlog wil hê nie!” As Weinthal maar net geweet het dat Makhado nou enige nag sy draers met ongeveer vyfhonderd gewere en ammunisie van Delagoabaai ver­wag! En as die kaptein net geweet het dat sy agent onderweg in die Laeveld oorval en van al sy ivoor en goue ponde beroof is.

Volgens Weinthal se skatting kon Makhado enige oomblik ’n paar honderd­duisend manskappe in die stryd werp. Hiervoor sou die generaal minstens ’n duisend burgers nodig hê.

Malaboch van Blouberg.

MALABOCH, van nature ’n koppige man, was nou eenmaal vasberade om hom nie aan die Republiek te onderwerp nie. Afgesien van sy eie sterkte, het Boelala Taylor belowe om hom te help. Makhado het ook hulp beloof — enige dag kon hy verwag om die stof van die impi te sien uitslaan. Ja, selfs Modjadji het hulp belowe. Hy het na sy stat tussen die grotte hoër op gevlug waar niemand hom ooit kan tref nie — vir ’n oningewyde is die berg ontoeganklik. Van hier af kon hy die kommando’s elke dag sien nader kom. „Laat hulle maar kom!”

By sy aankoms vertel Henning Pretorius van die lelike opstootjie in Pretoria. Onder die vyf-en-twintig „Britse” onderdane wat van die Kolonie na Transvaal verhuis het, was daar drie Engelse en twee Hollanders wat eenvoudig geweier het om opgekommandeer te word. Hulle het vertoë gerig tot die Britse Agent wat hulle daarop gewys het dat hulle verplig is om Krygsdiens te doen. Selfs die *National Union* het hom met die saak bemoei en ’n kabel na Engeland gestuur! Die veldkornet wat hulle opgekommandeer het, is voor die hof gedaag maar na ’n saak wat twee dae geduur het, is uitspraak gegee: „Hierdie manne is verplig om op Krygsdiens te gaan.” Die vyf is toe onder gewapende begeleiding na die kommando geneem en bewaak totdat daar nie meer die moontlikheid van wegloup bestaan het nie.

Toe Malaboch sien die saak word ernstig, het hy sy beeste na Khama, oorkant in Betsjoeanaland gestuur. Granville Nicholson wat na die Anneksasie by die Republiek in diens getree het, is aangesê om met ’n kommando die 1,500 beeste te keer voordat hulle die grens bereik. Hierdie oorlogsbuit is gebruik as voedsel vir die kommando en betaling van die burgers gereken teen 7/- per dag.

Die Krygsraad het gou besef dat hulle met beleëring niks teen Malaboch sou uitrig nie — dit sou te lank duur en netnou neem die reënseisoen weer ’n aanvang. „Ons moet pad maak vir die kanonne, berguit!”

Nog nooit is daar so ’n pad in Suid-Afrika gemaak nie. Drie weke lank moes hulle veg vir elke duim grond waarop die pad gebou is. Op die plek wat die offisiere vooraf bereken het om die aand te staan, moes ’n afdeling van ongeveer driehonderd burgers skanse bou om in te vernag. Soos die pad vorder, word die twee swaar kanonne deur tweehonderd man agterna gesleep.

Toe die pad eindelijk klaar was, is bevind dat die kanonne tot naby en oor die grotte skiet dog die grotte self nie kon raak nie. Omdat hy aan so ’n moontlikheid gedink het, het Henning Pretorius die Soutpansberg-kommando betyds agter om die berg gestuur om die grotte vanuit die weste te probeer nader: „Probeer hulle water afsny,” was sy bevel wat na ’n geveg wat die hele dag en nag geduur het, uitgevoer kon word.

Agt dae het hulle sonder water gebly met slegs die sap van uintjies en wortelgewasse. Dis toe dat Malaboch inderhaas na Modjadji stuur: „Ons verkeer in groot nood. Stuur tog reën, baie reën. Die douwater wat ons snags opvang maak skaars ons tonge nat.”

Bedags kon die burgers lê en kyk hoe die kaptein en sy indoenas „mafoeba” — ’n soort dambord — speel op die rug van ’n agt voet hout-krokodil — hul „Totem”. Die negende dag stuur Malaboch die hout-krokodil met twee indoenas onder ’n witvlag na die water. „’n Krokodil kan mos nie lewe sonder water nie,” het hulle gejammer.

„In die geval hou ons die arme krokodil maar hier by ons sodat hy elke dag kan drink. Julle kan darem net soveel water terug neem as wat julle kan dra.”

Hoe het Malaboch in die verte getu! Na die Noorde, maar Boelala Taylor se hulp het nie opgedaag nie! Noord-oos na Makhado dog nie eens ’n stoffie

van sy impi nie! Bo, na die wolklose blou hemel vanwaar Modjadji se hulp moes kom! Dog vir geen enkele oomblik het hy sy trotse hoof laat sak nie al het hy geweet dis die einde.

„Hang ’n wit doek of kombers om julle arms en kom saam met my,” beveel hy sy indoenas. Die oorlog was verby.

Die bevelvoerder het hom na die laer onder die berg geneem. Die volk by die grotte is toegelaat om alles wat bruikbaar is, weg te neem (nie minder as vyfhonderd gewere is daar gevind nie) waarna die hutte tussen die grotte aan die brand gestee is. Terwyl alles in rooi vlamme en swart rook opgaan, donder Modjadji vanuit die lug en begin die water in strome neergiet.

„Ons neem jou na Pretoria waar jy vir ’n baie lang tyd gaan bly. Jy kan vier van jou vrouens en twee indoenas saamneem om vir jou te sorg. Jou krokodil neem ons ook saam na die groot huis (museum) sodat julle nie weer oorlog kan maak nie. Ons sal jou seun aanstel as kaptein.” Dog Malaboch het geen enkele woord gepraat nie! Sy hart was verwronge: As hy nie geluister het na die stem van valse vriende wat sy hart vol argwaan gevul het teenoor die witmense nie, dan was hulle vandag sy vriende en was hy nog Malaboch, die opperhoof by Blouberg. Maar nou — hy kan maar net sowel ’n einde maak aan sy lewe.

. . . . Voordat hulle hom kon keer, spring hy op en val plat in die vlamme van die vuur waarlangs hy en sy wagte sit . . . Almal het gevoel dis tyd dat wet en orde moet seëvier en daar vrede in die land mag kom.

Magoeba en MaPiet.

AS die kat weg is, is die muis baas!

Petrus Eloff en sy neef was met ’n swaar vraag mynmasjinerie vanaf Pretoria onderweg na Leydsdorp. Op Pietersburg is hulle gewaarsku om nie met die grootpad, deur Magoeba se gebied te gaan nie, maar met die ou pad. Hulle was nog jonk en waaghalsig en toe daar niks met die heenreis gebeur het nie, besluit hulle om met die grootpad terug te kom.

Alles het voorspoedig gegaan tot by die uitspanning aan die Letaba by MaPiet. Skaars was hulle die oggend deur die drif toe honderde skreeuende naturelle op hulle toesak. „Julle kom op ons spioen, nè? Klim op die wa en moenie praat nie . . . die tyd vir praatjies is verby!” Hulle sweep en handsambok word afgeneem terwyl die volk weerskante die osse begin slaan met takke en stokke en later selfs met spiese prik om hulle vinniger te laat draf. Die twee seuns probeer protesteer teen die mishandeling van die diere, totdat ’n ou witkop fluister: „Basies, moenie. Julle maak hulle net kwaad . . .”

Oorkant die grensgebied, op die werf van Hans de Beer wat reeds die vorige dag gevlug het, het die aanvallers hulle net so skielik gelos en omgedraai. Die vriendelike ou witkop het weer verskyn. „Die Basies moenie versuim nie . . . Die groot gevaar is sommer hier naby.”

Dieselfde het gebeur met Dou Zeederberg wat met sy koets op pad was met passasiers na Leydsdorp. Aan die Letaba het hulle sy koets uitgespan, dit omgedraai in die rigting van Pietersburg en hom beveel om dadelik terug te keer soos hy gekom het. „Volgende keer sal ons nie so genadig wees nie!”

Die kommando was nog by Blouberg toe hierdie tyding die Kommandant-generaal bereik. Luitenant Du Toit moes dadelik na die Letaba vertrek met 'n nuwe Vrywilligerskorps om die wêreld te gaan verken. Hulle is in 'n lokval gelei en sou seker die laaste een omgekom het as Mamatola nie betyds van die hinderlaag verneem het en hulle te hulp gesnel het nie. „Ek is maar net 'n vrou en wil nie graag met die witmense baklei nie,” het sy verduidelik.

Fort Oscar is toe hier langs die Letaba opgerig maar toe hulle die tweede oggend wakker word, was al hul slagvee weg. Die spore is gevolg tot by Magoeba se stat waar hy hulle belet om 'n hand aan die beeste te sit. Die volgende dag toe hulle met versterkings kom, het Magoeba met omtrent 'n honderd van sy waaghalsigste jong manne die Hel se Bos in gevlug waar niemand hom kon bereik nie. Meer vrywilligers is gevra en vyf forte rondom die Hel se Bos gebou — die Kommandant-generaal se idee was immers nie om menselebens te neem nie, maar om die volk aan die gesag van die Republiek te onderwerp.

Byna nege maande is Magoeba ingesluit, en toe met die aanbreek van die winter, is die kommando's andermaal opgeroep. „Roep die Swasies om Magoeba te kom uitjaag!” het Barend Vorster gesê. „Waarom sal ons ons lewens waag? Een van ons is meer werd as 'n duisend van hulle!”

Ongeveer tweeduisend Swasies het gekom onder toesig van Abel Erasmus; deur Sekukuniland na Pietersburg, na die vegterrein. Watter vreesaanjaende gesig toe die klomp naakte figure daardie eerste aand hul oorlogsdans uitvoer vir die Kommandant-generaal! Magoeba het dit gehoor en sy hart het gebewe — hierteen is hy nie bestand nie.

Die volgende oggend het die Swasies die bos van bo af begin fynkam. „Julle moet Magoeba nie doodmaak nie. Bring hom lewendig hier na my,” het die generaal beveel.

Magoeba het geveg totdat sy ammunisie opgeraak het. Die Swasies het die bos gefynkam maar kon hom nie vind nie — niemand het presies geweet hoe hy lyk nie. Luitenant Du Toit, die enigste van die aanwesiges wat hom persoonlik ken, was elders besig. Laat agtermiddag kry hulle hom in 'n kloof verskuil, sy wegkruipplek deur 'n half onnosele klontjie verraai; hy en sy oom. Magoeba het 'n dubbelloopgeweer gehad en kon goed skiet. Hy het agt van sy aanvallers platgetrek, toe eers sy oom en daarna homself geskiet — sy liggaam het nog geruk toe hulle by hom kom. Sy liggaam was te swaar en die pad te moeilik om sy lyk na die generaal te neem. Hulle kap toe sy kop af en neem dit op 'n houtbord na die generaal.

Dit was 'n grusame toneel! Nie minder nie as veertien Swasies het met afgekapte koppe gekom, menende dis die van Magoeba. Die generaal het dit op 'n ry laat sit en die gevange vroue daar laat verby loop. Elkeen het haar kop weggedraai om nie na die kaptein, wat as 'n heilige beskou is, te kyk nie. Die koppe is almal in 'n bakoond begrawe.

MaPiet.

„**E**N nou gaan ons met MaPiet afreken!”

Die oggend toe hy wakker word, was sy stat omsingel. Die meeste van sy volk is sommer daar op die plek gevange geneem. „Daardie hele dag

het burgers klein groepies gevangenes ingebring en dit het ook nie altoos met mooipraat geskied nie."

Soos hulle ingebring word, is hulle in twee groepe verdeel. Al die oues van dae, die krankes en swakkes, saam met 'n eie familielid om hulle te versorg, word na Matola, seun van Mamatola geneem met voldoende voedsel en vee vir hul versorging. Die sterk, gesonde volk word na die laer langs Brandboontjies geneem waar hulle onder die burgers verdeel sou word om 'n tyd lank plaasarbeid te verrig.

Terwyl die generaal hier vertoef, stuur hy om Modjadji te laat haal om vir 'n week lank in die kamp te vertoef as teken van haar finale onderwerping, daarom dat honderde burgers later kon getuig: „Ons het Modjadji met ons eie oë gesien.”

Gedurende die nag het luitenant Du Toit met 'n gevoel van onrus wakker geword. Alles was so stil. Hy kyk rond en skree meteens: Waar is die Swasies? En toe weet hy meteens. Die perde is in allerhaas opgesaal en die spoor wat soos 'n donkergroen sleepsel oor die swaarbedoude veld lê, reguit na Matola se stat gevolg. Die Swasies wat kort tevore aangekom het, was besig om die oues van dae te beroof en van kant te maak. Hulle was die burgers nie te wagte nie en het dadelik op die vlug geslaan.

Weer moes daar krygsraad gehou word. „Daar moet beter voorsiening gemaak word vir hierdie mense se veiligheid,” het die luitenant aangevoer, „anders kan ons hulle maar net sowel meteens doodskiet en kry klaar!”

Dit word besluit om hulle weg te voer na die onbewoonde grond van Hammanskraal naby Pretoria tot tyd en wyl die afwesige Mamatola weer terugkeer. So 'n algehele ontworteling het onbeskryflike tonele tevoorskyn geroep. Diegene wat nie kon loop nie is met ossewaens vervoer. Gewondes het langs die pad gesterf. Af en toe het 'n vrou afgedwaal om geboorte te gee. „Hoe dikwels het ek gedurende die Anglo-Boereoorlog aan hierdie dag se tonele gedink!” het oom Piet gesê.

Twee maande lank het hulle hier op die stil rustige Hammanskraal vir Mamatola gewag. Eindelik het sy met haar verewaentjie, vergesel van haar gevolg onder begeleiding van 'n amptenaar opgedaag. „Hier is 'n deel van jou mense,” het die generaal gesê. „Julle kan hier bly, of julle kan huis toe gaan. Ons sal sorg vir vervoer en ook vir voedsel tot die volgende oestyd.” Na beraadslaging het die meeste besluit om op Hammanskraal te bly. MaPiet het selfs verder suid verskuif, na die rante noord van Pretoria, oos van Wonderboom.

Mamatola se tamboer, die groot oorlogstamboer waarsonder sy nooit weer oorlog sou kan maak nie, is ook van haar weggeneem om saam met Malaboch se krokodil en Modjadji se Ranwedi in die Groot Huis te Pretoria te rus.

Modjadji II.

MODJADJI is oorlede!

Eindelik het sy daartoe gekom om die gifbeker te drink.

In die hoofstat heers daar groot ontsteltenis — volgens opdrag van die witmense se regering sal die Majerman Moruti kom om die nuwe Modjadji te

salf. So iets het nog nooit gebeur nie en die groot Raad besluit toe ook sommer om af te sien van die seremoniële troonsbestyging.

„Wat gaan nou aan? Wat is dit wat ek vandag hier voor my sien?” het eerwaarde Reuter verontwaardig uitgeroep. „Julle roep my om die Modjadji te kom salf, en hierdie vrou is dan dieselfde Modjadji wat julle op 'n draagbaar uitgebring het om aan die manne van die Regering voor te stel as julle vorstin! Dan kan sy mos nie dood wees nie! Hoe kan ek 'n vrou kom salf wat volgens julle eie bewering twee jaar gelede, reeds jare lank oor julle regeer? Nee, met sulke bedrog hou ek my nie op nie. Ek sal dadelik aan die Regering rapporteer!”

Daar sit hulle toe met vernedering op vernedering. Hul bedrog is uitgevind; want hulle kon onmoontlik nie die regte Modjadji aan die witmense toon nie. Dit was Mathogani wat haar plek soos so dikwels voorheen, en ook die week in die kamp ingeneem het — hulle het haar net effens vermom. En nou sit hulle met 'n ongesalfde Vroue-kaptein.

Arme Modjadji II. Ongesalf moes sy regeer. Haar mense noem haar „Modjadji van die witmense”. So diep ongelukkig was hierdie vrou, dat sy lank voor haar tyd die gifbeker gedrink het en die lewe vrywillig verlaat het. Haar dogter het haar opgevolg; die jong vrou wat daardie dag tydens die luitenant se besoek, aan hom voorgestel was.

Geen blanke oog het ooit Modjadji II, die Groot Modjadji gesien nie.

Makhado, die groot olifantsbul.

DIE taak van die Soutpansberg Berede-Grenswag is afgehandel. Die forte op die hoogtes bokant Magoeba, Mamatola en Modjadji bestaan nie meer nie. Die grondwalle het verfrommel, die klipmure het omgeval. Soos grafhopies lê hulle daar — simbool van barbaarse geweld wat net altyd wou doodmaak, om self weer op hulle beurt gedood te word.

Die Vrywilligerkorps is ontbind. Die Artillerie, saam met Fort Henning — die enigste staalfort van die vyf verdedigingspunte het verhuis na Pretoria, en toe ontvang luitenant Du Toit bevel om dadelik na Fort Hendriena te vertrek; die Artilleriepos te omskep tot 'n polisiepos — die ZARP'S het mense hulle genoem.

Fort Schutte, soos die nuwe polisiepos genoem word, was toe die enigste verdedigingspos in die Soutpansberg-area. Hier, waar die finale slag gelewer gaan word langs die pad terug na die Soutpansberg . . . waar hulle dit, wat hulle dertig jaar gelede so snodelik moes afgee, weer terug kan wen. Diegene wat hul plase destyds moes verlaat, was al ongeduldig: „Die gronde moet opgemeet word! Ons wil terug gaan!”

Die jaar 1887 begin met siekte vir beide mens en dier, so erg dat hierdie liedjie daarop sinspeel: „In Maart vrek hulle met 'n vaart. In April, soos hulle wil. In Mei kan jy nog enkele kry.” Die Bakenkommissie het net gewag tot die koorstyd verby is om na Makhado te gaan. Hulle verwag geen moeilikheid nie want Makhado het alle tekens van vriendelike welwillendheid getoon noudat hy oud geword het.

En toe kom die berig: „Makhado slaap.”

Makhado se jongste vrou wou die Stoel vir haar eie seun Maemo hê. Sy en Stemmer het saam beraadslaag om 'n bierparty te gee waarby die kaptein sy eie bottel drank sou kry wat hy met niemand hoef te deel nie — vandag nog is daar naturelle wat glo dat die gif toegedien is met die hulp van blankes.

Makhado het geweet hy is sterwend en sy laaste boodskap was aan sy vriend Terrence Fitzgerald: „Die klein leetjie is volgroeid en staan voor die kraalhek en brul om die vee uitmekaar te jaag en te verslind. En ek, die groot olifantsbul van die trop, sal nie daar wees om hulle te verdedig nie.”

Mphefu.

MAKHADO was nog sterwend toe renbodes in verskillende rigtings uitgestuur word: Mphefu se moeder met haar aanhangers het inderhaas na Kimberley uitgestuur om hom te ontbied. Die moeder van Sinthumulo het agter haar seun aangestuur na Rhodesië waar hy graan gaan verhandel het vir gewere — ook 'n kanon, so het hulle gesê.

Mphefu was eerste op die toneel en het in besit gebly van die Stoel van die Ramabulanas. Maemo het betyds gevlug na Fort Schutte waar hy beskerming sou geniet.

Dis met huiwering dat die Oumense die doen en late van Makhado se kind gadeslaan het. Hulle het gesidder vir al die lelike gewoontes wat hy van Kimberley saamgebring het — opgeblase soos 'n brulpadda, onbeskof, onhoflik, sonder eerbied vir die sedes van die oumense. Soos Rehabeam van ouds het hy al die ou raadslede afgesit en jonges, die wat saam met hom in Kimberley was, aangestel; en Tshirululuni het 'n dronknes geword.

Die gerugte omtrent die baie gewere en selfs 'n kanon by Makhado se hoofstat het so hardnekkig volgehou dat die regering verplig was om ondersoek in te stel. Op 'n dag kom Piet Möller, soos 'n agent van Boelala Taylor daar aangesit met pryslyste van ammunisie en vra om 'n bestelling, veral vir kanonkoeëls. Toevallig was Mphefu en sy jong raadslede weg om die gebied so 'n bietjie te verken. Möller word met die grootste agterdog bejeën nadat een van die jong naturelle vertel dat hy hom al dikwels op Pietersburg gesien het waar hy in 'n winkel werk. Vier dae word hy opgesluit en elke dag voorgebring totdat hy daarin slaag om hulle te oortuig hy kom van „Oorkant”. Stemmer, wat vir Maemo se belange werk, en Tromp wat weer vir die van Sinthumulo werk, plaas toe 'n groot bestelling vir ammunisie, maar nie vir 'n kanon nie — waarheid is dat daar wel 'n aanmekaargeflanse kanon was wat met die eerste probeerslag uitmekaar gebars het.

Die twee generaals was gewillig om daar en dan 'n groot aantal beeste te betaal. Maar Piet Möller was bang dat as die beeste saam met hom gaan, hulle dadelik sou uitvind dat hy agter die berg weer terug draai en reël dus dat hulle moet wag op 'n boodskap van hom.

Hierdie boodskap het nooit gekom nie. Beide generaals is bevrees dat Mphefu van hul transaksie sal verneem en daar word noukeurig wag gehou agter die berg.

Ek hou nie van die woord toevallig nie. Maar hierdie keer het Petrus Eloff en sy neef toevallig tot agter die berg gaan werkvolk werf vir die

myne. Menende dat hulle die boodskappers van die agent is, word hulle vyf dae by Madometshi se stat aangehou en ondervra en uiteindelik weer gelos.

Almal weet: Die uur het geslaan. Maar generaal Joubert sou nog een poging aanwend. Landdros Munnik van Pietersburg word aangesê om onmiddellik met sy kommandant en luitenant Du Toit na Mphefu te gaan met die volgende boodskap: „Ons gaan 'n volkstelling by jou hou soos by al die ander kapteins, en daarna, volgens getalsterkte julle grond behoorlik opmeet en die grense vasstel. Die Raad versoek jou om alle hulp te verleen aan die Landmeters en ander beampptes wat hiermee behulpsaam is.”

Hoe anders het die hoofstat daar uitgesien as vroeër, asof dit aan waardigheid verloor het. Stemmer en 'n paar ouer indoenas het na buite gekom om die manne van die regering te verwelkom en binne te nooi nadat hulle aangesê is om hul perde en vuurwapens buite te laat. Nie een van die drie wou van hul wapens afsien nie. „As daar nie moeilikheid van julle kant kom nie, sal daar ook nie moeilikheid van ons kant kom nie.”

Deur 'n nou gangetjie is hulle gebring tot by die binnehof of vergaderplaas waar daar 'n aantal winkelstoele gestaan het vir hulle om op te sit. Nadat die besoekers 'n hele tyd gewag het, langer as wat nodig is om enige opperhoof se ydelheid te streel, maak Mphefu sy verskyning, uitgedos in 'n winkelpak, met 'n wit sy sakdoek sterk deurweek van reukwater in die boonste baadjiesak. Hierdie sakdoek trek hy elke keer uit om denkbeeldige stoffies of vlieë van sy baadjiekraag te waai. Sonder om hulle raak te sien, stap hy heen en weer en tuur oor die vlaktes — die lug was helder en hulle kon tot by Pietersburg se berge sien.

Munnik en sy metgeselle kon dit nie meer uithou nie. Met 'n gekletter van stoele wat omval, spring hulle op. „Kom ons loop! waarom ons so deur 'n swarte tater laat beledig!” Dog Stemmer het mooi gepraat. „Morena, asseblief. Hy is nog jonk en weet nie van beter nie.” Hande saamgevou, kniebuigend het die waardige ou gryskop voor die jong kaptein gebuig en mooi gepraat. Uiteindelik steek Mphefu sy sakdoek in sy sak en kom na hulle met uitgestrekte hand om te groet. Hulle ignoreer hierdie gebaar — handgroet was slegs by uitsondering, as 'n groot eerbewys gebruik; en hy het dit goed genoeg geweet. „My bloed het gekook. Al die tyd wat ek my boodskap afgee, het Mphefu met 'n honende spotlag gestaan en luister,” vertel die latere senator.

„Gaan sê vir Paul ek sal geen telling van my volk toelaat nie! Geen Landmeter of ander amptenaar sal sy voet op my grond sit sonder my toestemming nie . . . ” die laaste gedeelte het hulle skaars gehoor. Die minagting waarmee hy die naam Paul uitgespreek het, was te veel vir hulle.

Mphefu moes besef het dat hy te ver gegaan het. Stemmer het aan sy baadjie getrek en hom iets toegesuis. Hy het vinnig agterna gekom. „Julle is seker honger. Ek sal gou 'n os laat slag en voedsel voorberei . . . ”

„Nee dankie. Ons is nie honger nie. Ons sal nie eet nie. Maar dit sê ons vir jou: Die Regering is vasbeslote om die lokasiewet ook op jou toe te pas soos op al die ander.”

In al sy hooghartigheid het Mphefu op een man staat gemaak, naamlik sy broer Sinthumulo aan wie hy as sy hoofdoena die landstreek in die vlaktes

toegeken het — Sinthumulo se lokasie, soos dit vandag nog heet. Nou moes hy egter uitvind dat hierdie vertroueling besig was om teen hom te knoei. Toe hy met 'n strafekspedisie teen hom uittrek, het Sinthumulo oor die Doornrivier gevlug en net soos Maemo beskerming onder die blankes gevind. Mphefu kon sy broer om die lewe bring, maar dié agting het hy nog vir Makhado gehad — Hoe kon hy die bloed van sy vader wat in die are van sy seun vloei op die aarde stort!

Voor die poorte van Soutpansberg.

VIR 'n tyd lank het dinge nog gesloer. Die Raad moes sy planne vir die komende stryd haarfyn uitwerk. Nog een poging sou die Kommandant-generaal aanwend — die naturelle het hom genoem: Die man wat sê daar is 'n leeu in die gras, ons moet liewers eers wag totdat hy weggaan, en al die tyd is dit maar net 'n slang. „Stuur vir my 'n betroubare indoena. Een wat groot gesag onder sy eie mense handhaaf,” het hy aan luitenant Du Toit geskrywe.

Die luitenant het na Sibasa gestuur om ou Mbidi te roep. Ou Mbidi wat 'n klein beeswagttertjie van generaal Potgieter was. So 'n persoon het natuurlik met sy hele gevolg gereis: Sy vrou wat vir hom moet kook, 'n raadgewer of twee, onderhoriges wat vir die dra van slaapmatte, kookpotte, bier en voedselvoorrade moes sorg, asook 'n geskenk vir Paul.

Op Pretoria het die Kommandant-generaal hom die arsenaal gewys: Geweers, kanonne en ammunisie. Mbidi ontvang ook 'n uniform met 'n wit helm en 'n swaard. „Van vandag af is jy die Regering se man. Gaan nou terug en vertel aan almal wat jy hier gesien het.”

Intussen het Ratomba, die groot indoena van Maemo stilletjies in die nag gegaan en 'n Knopneusstat aangeval en nie minder as ses-en-twintig van hulle om die lewe gebring en toe na Mphefu gevlug menende om hierdeur dié se guns te verwerf; waarin hy dan ook meesterlik geslaag het. Die Knopneuse, as getroue onderdane, het by hul vader — die generaal — gaan kla. Toe die na Mphefu stuur om die misdadigers op te eis, het Mphefu hulle uitgelag: „Kom haal hulle as julle hulle wil hê.”

Net so het hy Mbidi bespot. „Ons weet almal jy is nou die man van die regering. Maar jy is 'n ou man, te oud om enige notisie van jou te neem.”

Tshivhase en sy onderdane het reeds besluit om nie deel te neem aan die komende stryd nie. Op raad van eerw. Wessmann het die kaptein 'n lang ry wit vlac laat inplant langs die pad oor die berg om die grenslyn tussen hom en Mphefu aan te dui. Hierdie pad dra vandag nog die naam van Witvlag.

Daarna is landdros Munnik berig dat landmeter Devenish en veldkornet Du Preez aan die Mara-kant 'n begin gaan maak met die opmeting van Mphefu se gebied en dat hy hulle alle hulp moes verleen. Mphefu het ook nie op hom laat wag nie. „T-U-L-A! M-A-T-U-L-A-G-O-L-A! Maak klaar vir die stryd! Roep die jongmanne! Laat die toordokter sy medisyne brou,” het die groot oorlogstamboer sy boodskap nag vir nag laat hoor.

Dit het generaal Piet Joubert 'n volle maand geneem om Fort Schutte te bereik. Weer eens moes die swaar waens 'n ysterfort vervoer — die ou Fort

Henning. Onderwyl hy wag op die verskillende kommando's wat uit die hele Transvaal sou kom, het Mbidi die verskillende stamhoofde aangebring om die eed van getrouheid te teken. Almal wat teken, ontvang die versekering dat hulle mense nie gemolesteer sal word nie, dat hulle na die gevegte grond, of lokasies van hul eie sal ontvang. Oor hierdie aanbod was veral die Knopneuse verheug — vreemdelinge in 'n vreemde land het hulle nog al die jare onveilig gevoel. (Miskien is dit die regte plek om hier te sê dat die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek het kort na die Mphefu-oorlog en die Republiek nié by magte was om hierdie belofte na te kom nie; iets wat die Knopneuse baie seer gemaak het. Die gronde wat na hulle sou gekom het, is later deur die Switserse Sending opgekoop en so met 'n ompad tot beskikking van die Knopneuse of Shangaans gestel.)

Van alle oorde kom die kommando's nou aan: Waterberg, Standerton, Klerksdorp, Potchefstroom, Lydenburg — weer met 'n klompie Swasies. Ook Soutpansberg se eie kommando — die meeste van wie ek die eer gehad het om persoonlik te ontmoet. Die twee ysterforte is verplaas na die hoogtetjie onderkant Hanglip, daar waar die N. G. Kerk vandag op die dorp Louis Trichardt staan. Agter om die waens was lae klipmure gepak, en agter die klipmure diep slote gegrawe.

Generaal Joubert wou Mphefu nog 'n kans gee. Tot drie keer stuur hy 'n rapportryer onder 'n witvlag om te vra: Wil jy veg of wil jy vrede hê. Elke keer was die antwoord: Ek sal veg! Mphefu was selfs slim genoeg om 'n aanval te waag op die ou horingformasie van die Zoeloes voordat die burgers gereed was vir 'n aanval. Gelukkig het iemand 'n assegaai sien blink. Die generaal het gewag totdat hulle onder skoot sou wees en op hulle laat losbrand met een van die twee Franse kanonne. Die uitslag was verpletterend — die eerste keer wat die naturelle met hierdie soort oorlog kennis gemaak het. Maar selfs toe nog, die derde keer, het Mphefu gesê: Ons sal veg!

'n Uur voor middernag, vyftien November 1898! Vroeg die aand is bevel gegee dat sewehonderd burgers om hierdie uur in volle mondering voor die Kommandant-generaal se tent op die paradegrunde moet versamel. Nou staan almal daar, toom in die arm gehaak, die hoed in die hand, hoofde eerbiedig vooroor geboë; hul bevele het hul reeds ontvang. „Kom, ons bid. Here, ons belowe dat as u ons in hierdie stryd die oorwinning gee, ons op hierdie selfde bodem 'n Godsgebou sal oprig tot U eer. Here, in U hande beveel ons onself. God seën ons wapens . . . God behoede ons. Amen.”

Sinthumulo, die jong kaptein het reeds dae van tevore die geskikste plek vir die opstel van die kanonne aangewys en sou die kanonafdeling daarheen lei. Hierdie verantwoordelikheid was so groot dat die generaal nie een van sy offisiere daarvoor wou aanwys nie. „Julle moet maar lootjies trek.” Die manne het oormekaar geval vir die voorreg en die gelukkige persoon was veldkornet Gert Boshoff van Standerton. 'n Tweede afdeling, die Krugersdorpers, het regs uit, noord en later bokant Hanglip verby na die skanse wat destyds op Boelala Taylor se aanwysings gebou is, getrek.

Met dagbreek word die stilte meteens versteur deur donderende kanon-

gebulder wat weergalm van bergpunt tot bergpunt. By die hoofstat is alles stil, doodstil. Nou kan hulle maar nader gaan. Maar wat het gebeur? Geen dooies te sien nie! „Kabang!” val ’n skoot. Klein Frikkie Geldenhuys word in die maag getref en val dood neer — die enigste blanke wat die lewe in hierdie veldtog gelaat het.

Die burgers vind ’n stok ou naturel met ’n geweer langs Matulagola, die groot oorlogstamboer. Hy was tog te oud om saam met die ander te vlug. Dalk kan hy nog iets doen om die agtervolging te vertraag en Matulagola te beskerm. Matulagola, wat van nou af aan saam met Ranwedi van Modjadji en die hout-krokodil van Malaboeh by die groot huis gaan rus.

Mphefu en sy ganse gevolg het gevlug. Die elemente het hom gehelp. Bokant Hanglip is daar nog ’n dwars rant. Toe die Krugersdorpers aan die oostekant aanstorm, trek Mphefu aan die Westekant weg, gedek deur die digte mis wat hierdie tyd van die jaar opkom en swaar oor die berge hang. Hulle kon die perde van die witmense hoor proes en die geklink-klank van die stange herken.

Die agtervolging het dae lank geduur, tot by Overwinning anderkant Masekwaspoort, die plaas waar ou mnr. Johannes Fitzgerald vandag woon. Mphefu het op ’n wit Arabiese perd weggejaag totdat dié dood neergeval het onder ’n groot boom noord van die huidige Messina en die boom tot vandag die naam dra van „Tree of the horse”.

Ek loop egter te ver vooruit. In die kranse bokant Tshirululuni is daar net een plek soos ’n skoorsteen waarlangs die burgers kon uitklim as hulle mekaar skouer of hand gee. Heel bo, op die hoogste punt het Dirk Trichardt, die trompetter sy koperbeuel aan sy lippe gebring. Van bergpunt tot bergpunt, tot ver oor die vlaktes weergalm die Transvaalse Volkslied: „Kent gy dat volk vol helden moed.”

Die blankes was weer terug in die Soutpansberg!

Op versoek van kol. Fanie Trichardt, kleinseun van Louis Trichardt, is besluit om die nuwe dorp wat onmiddellik uitgelê sou word na sy oom te noem omdat hy die eerste Afrikaner is wat so ver noord gekom het. Terwyl die burgers nog bymekaar was, het elkeen van die gebuite beeste wat hom as oorlogsgasie toekom, gegee vir die bou van die gelofte-kerk. Met die oorlogsjare het sake ’n bietjie deurmekaar geloop. Om egter seker te maak dat geen onreg geskied nie, het generaal Piet Joubert £1,000 in sy testament bemaak vir hierdie doel.

Die jong dorpie is goed bewaak. Behalwe die kaserne met sy twee forte onder toesig van luitenant Phillip Eybers, was daar nog ’n polisie-afdeling, en hoër teen Hanglip, ’n Vrywilligerspos. Voor sy vertrek het generaal Joubert die kanonwa gestuur om ’n groot klip wat van die rots binne die hoofstat los geskiet is, te laat haal vir die hoeksteen van die Geloftekerk.

En toe gebeur daar iets tragies. Die manskappe was binne fort Henning besig om ammunisie, veral bomme reg te pak, toe een van hulle ’n bom laat val wat die hele affêre laat ontplof het. Hierdie tragedie het meer lewens geëis as die hele oorlog.

(Word vervolg.)